# Regse tier: hoe trek ons sy tande uit?




ERIC MILLER, Afrapix

Die ver-regse dreigement . . . verlies aan invloed by die stembus kan nog meer geweld stimuleer.

Deur IAN LIEBENBERG

"Left", "right" en "centre" word gereeld in die politieke gesprek in Suid-Afrika gebruik sonder dat die sprekers noodwendig weet wat die inhoud daarvan is. Die verwarring oor wat "regs" beteken, maak dit nodig om in meer detail te kyk na die "regse gevaar".

In hierdie bespreking sal net verwys word na die wit politiek — nie omdat blanke regse groepe die enigste regses in die land is nie, maar omdat swart regse bewegings, groepe en individue gewoonlik proporsioneel heelwat minder is, en ook nie onafhanklik optree nie. Kortom: die meerderheid swart groepe wat as regs getipeer kan word, is gekoöpteerdes onder die verdeel-en-heers beleid van die huidige regering. Dus val laasgenoemde buite die bestek van die bespreking.

Met die onlangse verkiesings is daar voorspel dat die Konserwatiewe Party tot soveel as 64 setels kan inpalm. Uiteindelik het die KP toe 39 setels, slegs 6 meer as die Demokratiese Party, gewen. Verkiesingspolitiek is egter nie die enigste been waarop die regse politiek in Suid-Afrika staan nie. Op 1 September berig die *Vrye Weekblad* dat daar 'n vlaag van verregse geweld (terreur?) aan die gang is, maar dat die polisie "geen greintjie getuienis" wat heenwys na die geweldenaars kon opspoor nie.

Dit wil dus lyk of die ver-regse politiek in Suid-Afrika op twee bene staan. (As jy die regering van die dag as ver-regs wil tipeer, sou 'n mens moet sê dat daar drie bene is waarop regse politiek in Suid-Afrika staan. Ek werk slegs met die "twee-been" hipotese). Die eerste been is die elektorale of parlementêre been. Die ander been, die buite-parlementêre been. Die parlementêre been sou groepe insluit soos die Konserwatiewe Party van dr Andries Treurnicht en die (nou byna irrelevante) Herstigte Nasionale Party van mnr Jaap Marais. Die twee partye het gesamentlik ongeveer 620 000 stemme getrek. Die buite-parlementêre of nie-parlementêre been sou groepe insluit soos die Afrikanerweerstandsbeweging van Eugene Terre' Blanche en die Blanke Bevrydingsfront van Johan Schabort. Hiervan is die AWB die getalrykste. Volgens navorser Helen Zille is daar ongeveer 10 000 ingeskrewe AWB-lede, 'n verdere 150 000 ondersteuners en tot soveel as 500 000 simpatiseerders. (Dit spreek vanself dat daar oorvleuelende lidmaatskap en simpatieë tussen die binne- en buite-parlementêre groepe in die regse "wit" politiek sal wees).

Behalwe bogenoemde groepe is daar nog verskeie groepe wat moeilik in 'n streng binne/buiteparlementêre skeiding sal inpas. Dit sluit in groepe soos die Oranjewerkersbond (wit tuisland werkgroep), die Aksie Eie Toekoms en Toekomsgesprek (meestal weggebreekte Broederbondlede met 'n soortgelyke wyse van organisasie as die Afrikanerbroederbond). Verskeie ander groeperinge soos die Kappiekommando, die South African National Front en die Odal Clan het ontbind, in onaktiwiteit verval of is opgeneem in bogenoemde bestaande groepe. Laastens het die soganaamde Wit Wolwe ook deel van die politieke gesprek geword. Min inligting is oor hulle bekend. Die *Vrye Weekblad* berig: "In versetkringe word geglo dat die Wit Wolwe bestaan uit regse polisiemanne in verskeie dele van die land wat nie-amptelik optree. Die moontlikheid van samewerking tussen die groepe word ook genoem." Die aktiwiteite van die groep is problematies omdat dit moeilik is om vas te stel in hoeverre die groepe amptelike kondonering geniet — of soms selfs doelbewus aangehelp word deur groepe binne in, of na-aan die staat.

Hoe sterk is die "regses"? Uit die syfers hierbo genoem, en met inagneming van oorvleuelende lidmaatskap is my skatting dat daar ongeveer 720 000 mense is wat die ver-regse bewegings ondersteun. Daarteenoor het ongeveer 1,2 miljoen die Nasionale Party ondersteun, wat op 'n onderhandelingsetiket gestaan het. Sowat 420 000 mense het die Demokratiese Party ondersteun.

**'Mense behoort gehelp te word om te besef dat hulle as afsonderlike kulturele groep kan funksioneer en tegelykertyd as deel van 'n meerderheid erkenning kan geniet'**

Volgens verkiesingstatistikus Donald Simpson, sowel as Hermann Giliomee het die KP sy plafon bereik. Sommige waarnemers meen dat die party nog enkele setels kan wen in die volgende verkiesings, maar dat dit basies onmoontlik is vir die party om verder op groot skaal te groei. Kortom: op elektorale vlak is die "wit" regse beweging se kanse nie te goed om te groei of aan die mag te kom nie. Al wen hulle in die volgende verkiesing, volgens Giliomee, sal die ander twee huise van die driekamerparlement wetgewing kan blokkeer. En enige poging om die wetgewing op buite-parlementêre wyse te wysig, sal 'n regse bewind alleen groter buitelandse isolasie en druk, sowel as binnelandse onrus op die hals haal. Daarby kan die beoogde herindeling van kiesafdelings alleen die DP bevoordeel.

Die feit dat die regses in Suid-Afrika nie veel kanse by die stembus het nie, moet egter nie aanleiding gee tot oormatige gerustheid nie. Na my mening is 'n toename in die spontane opwelling van geweld sowel as georganiseerde regse geweld moontlik in die mate wat regsgesindes (insluitende sommige binne die huidige NP) in hul persepsie politieke mag verloor, politieke magteloosteloosheid ervaar en ekonomiese gelykstelling beleef. Die ideologiese pre-disposisie en "win-or-lose" paradigma waarin die regse blankes hulle bevind, kan bydra hiertoe: vergelyk bekende regses se uitsprake soos Chris Jooste se "(swart) verdringing kan lei tot buitekonstitusionele optrede", Carel Boshoff se "die Afrikaner kan nog teen wil en dank die Baskiese terroris van Afrika word" en Eugene Terre'Blanche se "met kommuniste praat jy nie, jy skiet hulle van die aarde af". Hierdie sentimente kan toeneem na gelang van die mate wat 'n onderhandelde skikking plaasvind tussen die heersende of volgende regering en die tans "verbanne" organisasies. Juis die feit dat verregses nie 'n noemenswaardige invloed by die stembus kan uitoefen nie, kan polarisasie, en uiteindelik geweld stimuleer. Jarelange apartheids- en witbaasskap-opvoeding het hiervoor die fondamente voorberei.

Is daar 'n weg uit die "rather bleak scenario"? Die volgende stappe kan myns insiens bydra tot die afskaal van polarisasie en geweld na regs:

- Mense wat hulleself as regs (insluitende 'n groot groep Afrikaners) beskou, behoort gehelp te word om kultuur en politiek te ontkoppel. Godsdiens ("Christelike beskawing") en kulturele vryheid ("identiteit") is nie noodwendig sinoniem aan mag nie, en dit behoort so uitgespel te word. Die belang van so 'n ontkoppeling is reeds jare gelede deur Johan Degenaar voorgestel. Dit behoort vandag nog steeds veel aandag te verdien. Mense behoort gehelp te word om te besef dat hulle as afsonderlike kulturele groep kan funksioneer en tegelykertyd as deel van 'n meerderheid erkenning kan geniet. (Dit vereis logieserwys afskeid van die groepsgedagte).
- Organisasies en institute wat in die "change industry" is (Idasa, Merge, Human Awareness Programme, Sentrum vir Intergroepstudies en vele ander) doen veel om die wedersydse negatiewe stereotipes, vyandskapbeelde en misverstande af te takel. Hulle verdien veel meer ondersteuning. Daarby is meer van die inisiatiewe op 'n plaaslike vlak nodig — in kerke, skole en werksgemeenskappe.
- Laastens, behoort Suid-Afrikaners hulleself opnuut toe te wy aan demokrasie en politieke toleransie. 'n Stabiele politieke gemeenskap kan alleen ontstaan waar redelike dialoog, kulturele toleransie en 'n hoë prioriteit op demokratiese waardes geplaas word. ('n Gebied waarop ons tot op hede nog nie te sterk gestaan het nie!) Veral ten opsigte van die transformasie vanaf outokrasie/totalitarisme na demokrasie, die liberaal-radikale debat, die ekonomiese debat en die beswering van vrese vir verandering het ons die redelike gesprek nou meer as ooit nodig.